

**28 November**

**Genesis 2:7-17; 3:4-6; NGB 14**

***Sonde is selfmoord***

Die mens se lewe is afhanklik van God. God het self die lewensasem in die mens se neus geblaas en daardeur het die mens 'n lewende wese geword. Sonder Hom is daar dus vir die mens geen lewe moontlik nie. Daarom kan ons slegs sinvol bestaan wanneer ons in afhanklikheid van God bestaan.

Deur te sondig skeur die mens homself egter van sy Lewensbron los. Sonde is 'n weiering om afhanklik van God te lewe. Die mens dink dat hy self soos God kan wees - ja, eintlik self god kan wees. Hy dink dat hy sonder God kan bestaan en self sy eie lewe in stand kan hou. Daardeur is die mens egter van die Bron van die lewe afgesny en die gevolg is onmiddellike geestelike dood. Die mens is selfs nie eers in staat om die biologiese lewe in stand te hou nie.

Ons is dus geestelik dood, tensy God self op grond van die verdienste van Christus ingryp en ons deur sy Heilige Gees uit die dood opwek.

Sing: Psalm 63:1,2

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)